# Lesing 11.10.2018 - Lesing 22 - Diep innerlike waarhede vanuit die Gilgal Klipwiel

## Die onderhouding van fisiese gebruike, in plaas van die innerlike geestelike daarvan, bring die dood

Die tabernakel van die Levitiese orde stel tog JaHshua, die komende Messias in die vlees voor, maar stel ook vir ons voor nl. **LIGGAAM, SIEL EN GEES.** Voorportaal, heilige, allerheilige in daardie volgorde. In die allerheilige, die gees, is daar tog die verbondsark met die wet daarin wat **Sy hart** en ook **ons harte** voorstel, nou harte van vlees en nie van klip soos dit waarop die wet geskryf was nie.

**Die voorhangsel is ook Sy vlees** wat Hy as sondelose vir ons geskeur het, om 'n weg te berei NA DIE INNERLIKE GEES toe, in elkeen van ons. So sal Hy ons voorhangsel skeur deur ons liefde en toewyding aan Hom, sodat ons vanuit ons allerheiligste kan begin lewe, dus vanuit ons gees. Dis uiteindelik die volkome wedergeboorte v.d. gees.

Kyk verder na die heilige, die siel. Wat moet daarin wees? 12 Toonbrode, 'n kandelaar en 'n reukoffer-altaar. Die 12 toonbrode is die **Brood v.d. Lewe**, **JaHshua**, wat ons as Israel daagliks moet eet, dus Sy evangelie. Dan begin ons **siele-kandelaar**, die sewe geeste in ons te brand vanuit ons siel se sewe energiepunte. Slegs hierdeur kan ons wit lig bekom, want die kandelaar se individuele vlamme kom ook ooreen met die kleure v.d. reënboog, wat ook gekoppel is aan die sewe aartsengele soos hierbo beskryf.

Sewe reënboogkleure deur 'n prisma gestuur, in hierdie geval jou hart, gee wit lig af in die geestesdimensie. Nou eers begin die derde voorwerp in jou siel/heilige, nl. die reukofferaltaar funksioneer. Jou sewende energiepunt, **jou geestelike oog**, begin nou oopgaan. Jou gebede word nou sterker en sterker verhoor en jy begin 'n hemelse innerlike lewe te lei. Dit noem Hy die wedergeboorte v.d. siel en dis wanneer slegs JaHshua jou lewe vervul, wanneer jy absoluut binne Vader se orde begin te lewe as Sy voornemende Bruid, dus die Wet lewend begin te hou vanuit die Gees van Liefde. Nou wag elkeen van ons wat al op daardie innerlike sielsvlak is, vir JaHshua om ons eie voorhangsel te skeur, dis ons vlees, dis die Bruilof, dis die daaropvolgende wedergeboorte.

Vir volledigheid kan mens dan ook die voorportaal ontleed, want dis jou liggaam of vleeslike lewe waar jy eers by die **brandoffer altaar van Golgotha** jou ou kleed moet verbrand, daarna **deur die doop** (waterbak) gaan om 'n innerlike sielslewe te begin sodat jy kan deurgaan na die heilige vertrek, jou siel.

So kan dus duidelik gesien word dat **NIEMAND sonder sy herkenning en erkenning van JaHshua as ENIGE Elohim**, die innerlike, wat noodsaaklik is vir verlossing, sal kan bereik nie. Die hou van die natuurlike Wet alleen bring die dood, die Gees in ons maak egter als lewend deur die Wetgewer JaHshua. HalleluJaHH!

## DIE VLOEI VAN AANBIDDING IN DIE TABERNAKEL

